
*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/21)*
*19 November 2021*

***"The time is always right, to do what is right." Martin Luther King, Jnr.***


## 2021 Suurlemoen seisoenale oorsig (Portia Magwaza)

Dit was 'n baie moeilike suurlemoenseisoen gegewe die verskeidenheid logistieke en markuitdagings wat produsente en uitvoerders in die gesig gestaar het. Terwyl uitvoervolumes toeneem, beteken dit nie noodwendig beter opbrengste op die plase nie, aangesien die kostes aansienlik toegeneem het, die wisselkoers teen uitvoerders beweeg het, en met suurlemoenpryse ver onder 2020-waardes.

Suurlemoenvolumes wat vir uitvoer gepak is, was 31 miljoen kartonne in 2021, wat op 3% meer geëindig het as die Maart 2021 skatting van 30,2 miljoen kartonne. Die grootste streek is Sondagsriviervallei met 13,5 miljoen kartonne (teen 3% onder die skatting); gevolg deur Senwes op 3,8 miljoen kartonne (8% bo die skatting); terwyl Boland op 2,6 miljoen 19% oor die skatting was. Hierdie groei kan toegeskryf word aan onlangse aanplantings wat nou in produksie kom. Patensie met 1,8 miljoen kartonne was 21% oor die skatting ten spyte van baie droë toestande vir hierdie produksiesiklus. Hoedspruit (2,3 miljoen kartonne) was 6% minder as die skatting.




Suurlemoene het by groottes 113, 138 en 100 gepiek. Hierdie seisoen was die piekweke vir verpakking vanaf week 24 - week 27. In 2020 was die piekweke vir verpakking weke 19 - 21, dus relatief hoër volumes kom effens later in die 2021-seisoen.




Soos met Pomelo's en Nawels, bly die EU die nommer een invoermark met 166 000 ton. Die Midde-Ooste-invoere het van 143 000 ton in 2020 tot 140 000 ton in 2021 afgeneem. Russiese invoere het van 35 000 ton (2020) tot 37 000 ton (2021) toegeneem en is net voor Noord-Amerika (24 000).

## COVID 19-inentings

Toegedien in laaste 24 uur = 125 868; totaal toegedien = 24 471 210; Individueel ingeënt = 16 153 676 (= 40.59% van volwasse bevolking). Bron: https://sacoronavirus.co.za/latest-vaccine-statistics/

**Gepak en verskeep-[Dit sal die laaste tabel wees omrede die seisoen verby is]** * Gebruik 'n kombinasie van PPECB- en Agrihub - data om rekening te hou met die verskepingstyd.

| Einde van Week 45<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's (17kg) | | | 15.5 m | | 15.2 m | | | |
| Pomelo's | 16.8 m | 15.5 m | 17.5 m | 15.2 m | 17.2 m | 18.0 m | 17.6 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 18.2 m | 23.6 m | 30.9 m | 23.6 m | 29.5 m | 30.5 m | 30.8 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 22.1m | 28.4 m | 31.0 m | 27.1 m | 29.7 m | 30.2 m | 30.9 m | 29.6 m |
| Nawels | 24.3 m | 26.2 m | 27.2 m | 25.2 m | 27.2 m* | 26.3 m | 27.2 m | 26.2 m |
| Valencias | 46.0 m | 55.1 m | 55.0 m | 53.1 m | 55.0m* | 58.0 m | 55.1 m | 55.1 m |
| Totaal | 128.2m | 150.0m | 161.6m | 144.2 m | 158.6m* | 163.0 m | 161.6 m | 150 m |

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS*